



## 1. Paulus maak die Evangelie deel van sy lewe!

"PAULUS, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God" - Rom 1:1 (AFR53)

Want God, wat ek in my gees dien in die evangelie van sy Seun, is my getuie hoe ek onophoudelik aan julle dink..... - Rom 1:9 (AFR53)

Die genade van die Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen. Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en die prediking van Jesus Christus, - Rom 16:24 (AFR53)

## 2. Die verhaal van die Samaritaanse vrou vertel ook hoe die Evangelie/Goeie Nuus, deel van haar lewe word!

Hy kom toe by 'n stad van Samaría wat Sígar genoem word, naby die stuk grond wat Jakob aan sy seun Josef gegee het. En die fontein van Jakob was daar. Jesus het toe, omdat Hy moeg was van die reis, sommer by die fontein gaan sit. Dit was omtrent die sesde uur. Daar kom 'n vrou uit Samaría om water te skep. Jesus sê vir haar: Gee vir My water om te drink — want sy dissipels het na die stad gegaan om voedsel te koop. En die Samaritaanse vrou sê vir Hom: Hoe is dit dat U wat 'n Jood is, van my vra om te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is? Want die Jode hou geen gemeenskap met die Samaritane nie. - Joh 4:5-9 (AFR53)

### 2.1 Die vrou kry te doen met die Evangelie van God

Jesus antwoord en sê vir haar: As jy die gawe van God geken het en geweet het wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het. - Joh 4:10 (AFR53)

### 2.2 Die vrou kry te doen met die Evangelie van Jesus

#### i. Die vrou bedryf toe Godsdiens (v11-12)

Jesus antwoord en sê vir haar: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe. - Joh 4:13-14 (AFR53)

#### ii. Jesus deel met haar diepste geheime en seer (v15-18)

Die vrou sê vir Hom: Here, gee my daardie water, sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie. Jesus sê vir haar: Gaan roep jou man en kom hier. Die vrou antwoord en sê: Ek het nie 'n man nie. Jesus sê vir haar: Jy het reg gesê: Ek het nie 'n man nie; want jy het vyf mans gehad; en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Dit het jy met waarheid gesê. - Joh 4:15-18 (AFR53)

#### iii. Die vrou maak die Evangelie "My Evangelie"

Die vrou het toe haar waterkan laat staan en na die stad gegaan en vir die mense gesê: Kom kyk 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie? - Joh 4:28-29 (AFR53)

#### iv. Die stad se mense maak God die Vader en Jesus Christus se Evangelie hulle Evangelie.

En baie van die Samaritane uit daardie stad het in Hom geglo oor die woord van die vrou wat getuig het: Hy het my alles vertel wat ek gedoen het. Toe die Samaritane dan by Hom kom, het hulle by Hom aangedring om by hulle te bly; en Hy het daar twee dae gebly. En baie meer het op grond van sy woord geglo en aan die vrou gesê: Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld, is. - Joh 4:39-42 (AFR53)